

FIRST LANGUAGE AFRIKAANS

Paper 0512/02

Reading and Directed Writing

Algemene kommentaar

Oor die algemeen was daar 'n goeie begrip van dit wat gevra is. Wat betref die administrasie van die vraestelle moet daar asseblief op gelet word dat die vraestelle in die korrekte sakkie met die korrekte etiket geplaas word, aangesien dit soms gebeur het dat die kode van die vraestel op die etiket nie met die vraestel ooreengestem het nie.

Kommentaar op spesifieke vrae

Afdeling 1

Met **vrae 1 (a) – (c)** het kandidate min probleme ondervind.

Vraag 1(d) was vir die meeste kandidate moeilik, maar die meeste het die betekenis van die woord in die konteks waarin dit in die teks gebruik word, verstaan.

By **1(e)** is daar geen noemenswaardige probleme ondervind nie.

1(f) was 'n vraag waar twee punte verdien kon word. Alhoewel 'n groot minderheid van kandidate volpunte gekry het, het niemand nul ontvang nie.

Die meeste kandidate het geen probleme gehad met **1(g)** nie, maar by **(h)** het 'n paar die vraag verkeerd beantwoord.

Vraag 2: Oor die algemeen was die standaard hoog. Etlike puik toesprake is geskryf, maar daar moet soms nog aandag aan die styl en opbou van 'n toespraak gegee word. Woordorde is ook iets wat in party gevalle aandag kort. 'Tyd' word (byvoorbeeld) voor die voorwerp/plek geskryf: 'Ek gaan vandag dorp toe', en nie 'Ek gaan dorp toe vandag'.

Afdeling 2

Vraag 3: Daar is ook min probleme met die opsomming van die twee stukke ondervind. Die tekste was beslis iets waarmee die kandidate kon identifiseer en is goed verstaan.

Vraag 4: Daar moet nog baie aandag aan die styl van 'n brief gegee word. As daar gevra word dat 'n brief geskryf moet word, moet die briwestyl gehandhaaf word en nie 'n opstelmaat nie. In 'n klein aantal skrifte was daar geen teken dat hierdie antwoord in die vorm van 'n brief geskryf was nie.

Daar was gelukkig ook 'n groot deel van die kandidate wat hoogstaande briewe geskryf het en hulle verdien lof.

Die meeste het verstaan wat om te skryf en as die nodige aandag aan bogenoemde probleem gegee word, sal die briewe in die toekoms ook werklik briewe kan wees.

Ten slotte is daar 'n aantal algemene taalkundige foute wat genoem (en vermy) moet word:

- Party kandidate is geneig om foneties te skryf, soos bv. 'erenstig' (ernstig), 'daai' (daardie), 'regtag' (regtig).

- Daar is nog heelwat probleme met vokale, bv. 'eenigsteen', 'eenige', 'geneesing'. Party kandidate moet nog leer waar enkel vokale gebruik word en waar dit verdubbel word.
- Daar is verwarring oor die gebruik van 'f' of 'v' in sommige woorde, soos bv. 'vout', 'vliek'.
- Party diftonge word soms verkeerd gespel, soos 'strykelblok' (struikelblok), 'onvoorberyd' (onvoorbereid).
- Die onderskeid tussen ch/g soos in 'gristenskap' (christenskap) en 'gaos' (chaos) was soms ook 'n probleem.
- Die gebruik van Engelse woorde soos *computer* moet vermy word.
- Daar moet ook teen die gebruik van anglisismes gewaak word, bv. 'minimiseer' (verminder).
- Betrekklike voornaamwoorde word van tyd tot tyd nog verkeerd gebruik, soos bv. 'onder dit' (daaronder) of 'aan dit' (daaraan).

FIRST LANGUAGE AFRIKAANS

Paper 0512/03
Continuous Writing

Algemene kommentaar

Die kandidate het hulself oor die algemeen goed van hul taak gekwyt. Daar is opstelle van hoogstaande gehalte geskryf. Die laaste keuse (nommer nege - 'Het tegnologie boeke oorbodig gemaak?' Bespreek.), het die minste belangstelling gekry. Die tweede onderwerp ('Waarom miljoene aan sport spandeer as die res van die volk honger ly? Bespreek.), was die gewildste.

Dit was duidelik dat die onderwerpe deurgaans goed verstaan is.

Daar is baie oorspronklikheid met die keuse van spreekwoorde en gesegdes aan die dag gelê. Sommige opstelle was regtig 'n groot plesier om te lees. In sommige gevalle moet daar tog nog aandag gegee word aan die opbou van 'n opstel. Dit word aangeraai dat daar deeglik beplan moet word, voordat kandidate begin skryf.

Die volgende behoort ook in ag geneem te word:

- Soos in die kommentaar van die ander vraestel vermeld word, ondervind party kandidate nog heelwat probleem met diftonge. Hulle kan veral die verskil tussen die 'ei/y' en die 'ui' nie uitken nie, bv. 'beruik' (bereik) of 'regheid' (reguit).
- Soms is daar probleme met die vedubbeling van konsonante, soos in die geval van 'steling' (stelling) of 'redingsdienste' (reddingsdienste). Dit is duidelik dat sommige kandidate nie weet hoe om die reëls in hierdie verband toe te pas nie.
- Betrekklike voornaamwoorde moet ook weereens aandag kry, soos in die geval van 'vir dit' (daarvoor).
- Kandidate moet weereens waak teen die fonetiese skryf van woorde, bv. 'besagheid' (besigheid), 'stiedies' (studies), 'noodag' (nodig), 'die selle' (dieselfde) of 'daai' (daardie). Verally woorde met 'u' word taamluk gereeld met 'n 'i' geskryf, soos in die geval van 'sig' (sug).
- Ook teen anglisismes moet daar asseblief gewaak word, bv. 'edukasie' (opvoeding) of 'arrivering' (aankoms). Engelse woorde of spelling, soos bv. 'Egypt' (Egipte), moet glad nie gebruik word nie.